

Rekenaartoepassingstechnologie

Study Opportunities

Graad 12

Junie 2014

Vraestel 1 Prakties

Tyd: 3 uur

Punte: 180


Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye (titelblad en HTML tag-lys ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Jy mag nie die eksamenlokaal verlaat voordat die volle duur van die eksamen verby is nie.
2. Stoor jou werk gereeld.
3. Lees elke vraag voordat dit beantwoord en opgelos word. Moenie meer doen as wat deur die vraag verlang word nie.
4. Let daarop dat geen drukwerk verlang word nie.
5. Gedurende die eksamensessie mag jy die help-fasiliteit van die toepaslike program gebruik. Jy mag geen ander bronnemateriaal gebruik nie.
6. Let daarop dat indien jy 'n vraag nie kon regkry nie, en jy die data vir die daaropvolgende vrae benodig, jy steeds moet probeer om die volgende vrae te doen.
7. Formules en/of funksies moet gebruik word vir alle bewerkings in vrae wat op sigblaaie betrekking het, behalwe as dit anders gespesifiseer word – met ander woorde, moenie enige antwoorde met die hand uitwerk en intik nie!

Let op:

Saam met die vraestel ontvang jy 'n eksamenlêergids **DATA Gr12** wat die volgende lêers bevat:



Daar sal na hierdie lêergids as jou *eksamenlêergids* verwys word.

Tema:

Nadat 'n bekende reptiel-deskundige 'n praatjie by die skool oor reptiele kom lewer het, is daar besluit om 'n veldtog te begin om leerders meer bewus te maak van die verskillende slange wat mens in Suid Afrika kry. As gevolg hiervan het baie leerders ook by die plaaslike Dierereddingsentrum betrokke geraak waar daar met reptiele en ander diere gewerk word.

Vraag 1

Inligting oor verskillende aspekte van slange – skadeloos én gevaarlik – is in 'n dokument beskikbaar.

Maak die dokument **1_AboutSnakes** oop en rond dit af deur die volgende te doen:

- 1.1 Verander die style wat in die dokument gebruik is soos volg:
 - 1.1.1 Pas die Heading 3-styl aan om 'n rooi fontkleur te hê. (1)
 - 1.1.2 Skep 'n nuwe styl met die naam TopLevel wat op die Heading 1-styl gebaseer is. Hierdie nuwe styl moet die Cambria (Headings) font, 18 pt, vetdruk gebruik en 'n paragraafraam aan die onderkant hê (sien die voorbeeld hier onder).

Common Snakes

Pas hierdie nuwe styl op die vier opskrifte *Common Snakes*, *Snake Venom*, *Snake Facts* en *Bibliography* toe. (5)
- 1.2 Vind die gedeelte op die tweede bladsy met die opskrif *Common Snakes*. Vorige redigeerders het *Track Changes* gebruik om veranderinge aan te bring.
 - 1.2.1 Aanvaar die voorgestelde veranderinge in die paragraaf wat met "Red-lipped Snakes..." begin. (1)
 - 1.2.2 Verwerp (*reject*) die voorgestelde verandering in die paragraaf wat met "The Flowerpot Snake..." begin. (1)

Let op: Maak seker dat jy die *Track Changes* afskakel indien jy dit aangeskakel het terwyl jy hierdie vraag beantwoord het.
- 1.3 Vind die teks 'Flowerpot Snake' in die paragraaf *Common Snakes*. Voeg 'n voetnota (*footnote*) by wat "Often mistaken for earthworms" lees. Enige getal of karakter mag as simbool vir die voetnota gebruik word. (2)
- 1.4 Vind die paragraaf **Important note...**
 - 1.4.1 Skuif hierdie paragraaf na die tekshokkie aan die regterkant van die *bullet*-lys. (1)

- 1.4.2 Verander die reëlspasiëring na 1.5 en vergroot (*expand*) die karakter-spasiëring van die woorde **Important note** met 1 pt, soos hierna aangetoon: (2)

How do I keep snakes away from my house and garden?

- Clean up any building rubble, rocks or plant material lying around. These places are good hiding places for snakes.
- Fix dripping taps, because they attract frogs, which attract certain snakes.
- Rats and mice attract snakes. Cats are a good way to control rodent populations on your property. However, they may occasionally catch snakes and bring them to your house!

Important note: There is no plant you can plant or liquid you can spray that keeps snakes away. Several tests have proved that these do not work and are a waste of money.

- 1.5 Vervang die woord *hemotoxic* orals met die woord *haemotoxic*. (2)

- 1.6 Vind die tekshokkie in die paragraaf *Types of snake venom*.

- Voeg die woordverwerkingslêer **Venom** as 'n ikoon in hierdie tekshokkie.
- Maak seker dat veranderinge aan die bronlêer (Venom) in die dokument (1_AboutSnakes) weerspieël sal word. (3)

- 1.7 Die sigblad **PotencyVenom.xlsx** bevat 'n grafiek wat aantoon hoe sterk sekere slange se gif op 'n skaal van 1–10 is.

- Kopieer hierdie grafiek en plak dit op die aangeduide plek onder die opskrif *Types of snake venom*.
- Enige daaropvolgende veranderinge aan die grafiek in die sigblad moet outomaties in die *Word*-dokument weerspieël word. (2)

- 1.8 Bring die volgende 'reference'-veranderinge aan sodat 'n opgedateerde bibliografie, met die korrekte bronne en aanhalings geskep kan word:

- 1.8.1 Die bron *Emmett & Patrick* gee Durban verkeerdelik as die stad van publikasie aan. Verander die stad na Pretoria. (1)

- 1.8.2 Voeg die volgende boekbron by:

Author: Marais, J.

Title: A complete guide to the Snakes of Southern Africa

Year: 2004

City: Cape Town

Publisher: Struik Publishers (2)

- 1.8.3 Vind die teks wat in geel uitgelig is onder die opskrif *Types of snake venom fangs*, en voeg 'n verwysing (*citation*) na die bron *Emmett & Patrick* aan die einde van hierdie teks in. (1)

- 1.8.4 Voeg 'n outomatiese bibliografie onder die opskrif *Bibliography* in. (Let daarop dat die opskrif *Bibliography* nie twee keer moet verskyn nie.) (1)

- 1.9 Formateer die *bullet*-lyste onder die opskrif *Snakebite treatment: Do's and Don'ts* soos volg in kolomme:
- Daar moet twee kolomme wees.
 - Die spasie tussen die kolomme moet 0.6 cm wyd wees.
 - Gebruik 'n kolom-breuk om seker te maak dat altwee sub-opskrifte boaan hulle onderskeie kolomme verskyn. (3)
- 1.10 Vind die *bullet*-lyste wat oor die Swartmamba en Pofadder gaan, onder die opskrif *Snake Facts*.
- 1.10.1 Voeg die prentjie **PuffAdder.jpg** aan die regterkant van die tweede bulletlys oor die pofadder in.
- Maak seker dat die teks links om die prentjie vou (*wrap*), en dat die grootte en posisie van die prentjie min of meer met die grootte en die posisie van die prentjie van die Swartmamba in die eerste *bullet*-lys ooreenstem. (3)
- 1.10.2 Voorsien die prentjie met 'n byskrif (*caption*) wat *Figure 2: Puff Adder* lees. (1)
- 1.11 Vind die afdeling wat oor die *Brown House Snake* gaan (by die groen uitgeligte opskrif op bladsy 5).
- Verwyder die hele afdeling oor die *Brown House Snake* (opskrif en vyf paragrawe wat daarop volg), en plaas dit in die bestaande dokument **BrownHouseSnake.docx** in jou eksamenlêergids.
 - Stoor en maak die dokument **BrownHouseSnake.docx** toe. (2)
- 1.12 Die tabel na aan die einde van die dokument moet op 'n enkele bladsy in landskap-oriëntering verskyn. Gebruik seksie-breuke en kantlyninstellings (indien nodig) om dit te bereik.
- Dit is belangrik dat die bladsye vóór en ná die tabel in portret-oriëntering bly en dat die kantlyne van hierdie bladsye nie verander word nie. (3)
- 1.13 Bring die volgende veranderinge in die hoofdokument **1_About Snakes** aan:
- 1.13.1 Vind die oranje teks *Brown House Snake*, onder die opskrif *Common Snakes* boaan die dokument.
- Skep 'n hiperskakel op hierdie teks na die lêer **BrownHouseSnake.docx**. (2)
- 1.13.2 Skep 'n boekmerk by die subopskrif *Puff Adder* onder *Snake Facts*. Die naam van die boekmerk moet *puffadder* wees. (2)
- 1.14 Gaan na die eerste bladsy van die dokument (*Table of Contents* en *Table of Figures*).
- 1.14.1 Voeg 'n outomatiese *Table of Contents* onder die toepaslike opskrif in. Gebruik slegs die drie style *TopLevel*, *Heading 2* en *Heading 3*. (3)
- 1.14.2 Voeg 'n outomatiese *Table of Figures*, onder die toepaslike opskrif in, wat die byskrifte van die twee slange sal bevat. (1)
- 1.14.3 Plaas 'n soliede bladsyraam slegs rondom die eerste bladsy. (2)

- 1.15 Voeg die lêernaam van die dokument as 'n veld in die bladsyboskrif (*header*) in. Hierdie bladsyboskrif moet op al die bladsye, behalwe die eerste bladsy (*Tables of Contents and Figures*) en die tweedelaaste bladsy (Tabel: *Most venomous snakes..*) verskyn. (4)
- 1.16 Voeg outomatiese bladsynommering onderaan die bladsye in. (1)
- 1.17 Verander die *metadata*-eienskappe van die lêer **1_AboutSnakes** soos volg: (2)
- Verander die *Comments* na "RTT Praktiese eksamen"
 - Verander die *Company* na jou skool se naam.

Stoor die dokument en maak dit toe. [54]

Vraag 2

'n Sigblad word gebruik om boek te hou van leerders se inskrywings vir verskeie reptielkursusse wat deur die reptiel-deskundige Johan Marais aangebied word.

Maak die sigblad **2_Courses** oop en doen die volgende op die **Participants**-werkblad:

- 2.1 Gebruik *Autofill* en nommer al die deelnemers in kolom A vanaf nommer 1. (1)
- 2.2 Die nul aan die begin van *Yaaseen Allie* se selfoonnommer is weggelaat. Maak dit reg. (1)
- 2.3 Formateer die kolomopskrifte in selle I2:L4 sodat dit as volg vertoon: (2)

Courses			
First Aid for Snake Bite	Reptile Awareness	Snake Awareness	Snake Handling
Fri 30 May	Sat 14 Jun	Sat 12 Jul	Sat 12 Jul

- 2.4 Gebruik teksfunksies in kolom H om vir elke deelnemer 'n e-posadres te skep, wat die volgende formaat sal hê (alles in kleinletters - *lowercase*):
- die van
 - gevolg deur die eerste letter van die naam
 - gevolg deur "@courses.co.za".

Yaaseen Allie se e-posadres sal dus soos volg lyk:

alliey@courses.co.za (6)

- 2.5 Deelnemers se inskrywings vir die verskillende kursusse word met 'n "1" in kolomme I tot L aangedui. Die koste van elke kursus vertoon aan die bokant van elke kolom, in selle I1 tot L1 respektiewelik.
Bereken in kolom M die totale koste vir die deelnemers van die kursusse waarvoor hulle ingeskryf het. (5)
- 2.6 Deelnemers wat vir al vier kursusse ingeskryf het, ontvang 10% afslag op die totale koste (*Total Cost*).
Bereken in kolom O die finale koste (*Final Cost*) vir die deelnemers, d.w.s. nadat die afslag afgetrek is vir dié deelnemers wat daarvoor kwalifiseer. (5)
- 2.7 Die bedrae wat reeds deur die deelnemers betaal is, verskyn in kolom N (*Amount Paid*).
Bereken in kolom P die uitstaande bedrae (*Outstanding Amounts*). (1)
- 2.8 Elke deelnemer verdien 'n paar buitemuurse 'punte' vir sy of haar skool. Die aantal punte verdien, hang af van die graad van die leerder. 'n Lys met die punte per graad verskyn in die **Points**-werkblad.
Gebruik die Vlookup-funksie in kolom Q om die aantal punte wat elke deelnemer verdien, te bereken. (4)
- 2.9 Daar is besluit om Johan Marais se nuutste boek oor reptiele te skenk aan elke leerder wat vir altwee kursusse, *Snake Awareness* (kolom K) en *Snake Handling* (kolom L), ingeskryf het.
Gebruik 'n IF-funksie in kolom R (*Book Prize*) om aan te dui of 'n leerder kwalifiseer of nie. Vertoon die woord "Yes" indien die leerder vir die boek kwalifiseer. Indien die leerder nie kwalifiseer nie, moet niks in die sel vertoon word nie. (3)
- 2.10 Doen die volgende berekeninge onderaan die sigblad:
- 2.10.1 Die aantal seuns en dogters wat ingeskryf het (selle C85 en C86). (3)
- 2.10.2 Die totale bedrag wat reeds deur leerders van die verskeie skole inbetaal is (selle C89 tot C92).
Gebruik *relatiewe* sowel as *absolute* selverwysings om tikwerk te beperk. (5)
- 2.10.3 Die gemiddelde bedrag deur die leerders inbetaal (sel C94). (2)
- 2.10.4 Die aantal leerders wat vir 'n boekprys kwalifiseer (sel C98). (3)
- 2.11 Skep 'n grafiek op die *Participants*-werkblad om die totale aantal leerders wat vir elke kursus ingeskryf het (vertoon in selle I83 tot L83) te vergelyk. Die volgende aspekte van die grafiek is belangrik:
- Die persentasie wat elke kursus van die totale inskrywings uitmaak, moet op die grafiek verskyn.
 - Beskrywende byskrifte (*legend*) moet teenwoordig wees.
 - Verskaf 'n geskikte titel. (4)

'n Paar kursusgangers het aangebied om naweke te help met die voer van die diere en sekere instandhoudingstake by die plaaslike Dierereddingsentrum. Daarvoor ontvang hulle 'n klein toelaag.

Werk verder op die **Maintenance**-werkblad.

2.12 Die begin- en eindtye van hulle werksessies verskyn respektiewelik in kolom G en kolom H.

Bereken die aantal ure wat elke leerder gewerk het in kolom I. Gebruik die Round-funksie om hierdie getal tot een desimale plek af te rond. (3)

2.13 Daar is besluit om aan elke leerder 'n bedrag, afhangende van die leerder se prestasie in die Noodhulpkursus (punte in kolom J) te betaal volgens die volgende skaal:

First Aid Marks	Amount
95 – 100	R 60.00
80 – 94	R 50.00
0 – 79	R 20.00

Gebruik 'n Geneste IF in kolom K om die bedrag wat aan elke leerder toegeken word, te bereken. (5)

Stoor en maak die sigblad toe.

[53]

Vraag 3

3.1 Die Dierereddingsentrum wil uitdeelstukke oor die onskadelike slange skep aangesien daar moontlik geleentheid vir besoekers gaan wees om hulle onder toesig te hanteer.

- 'n Basiese uitleg van die uitdeelstuk is reeds geskep.
- Maak die dokument **3_HarmlessSnakes** oop en gebruik *Word* se *possamevoegingsfasiliteit (mail merge)* om die nodige uitdeelstukke oor slegs die onskadelike (*harmless*) slange te skep. Vervang die plekhouders met die ooreenstemmende velde in die sigblad **3_SnakeMailMerge**.
- Stoor die dokument, met die toepaslike velde ingevoeg, net voor jy die samevoeging (*merge*) voltooi. Gebruik dieselfde lêernaam **3_HarmlessSnakes**.
- Stoor die voltooide *merge* as **3_HarmlessSnakes_Merge**.

Stoor en maak altwee dokumente toe.

(5)

3.2 *Besoekers aan die Sentrum word versoek om 'n aanlyn meningsopname te voltooi en terug te stuur.*

Maak die dokument **3_SurveyForm** oop en doen die volgende:

- Verwyder die vyf tabelstop-gidslyne (*tab leader lines*).
- Verander die tipe van die teks-vormveld by **Age** sodat slegs getalle aanvaar word.
- Vervang die geel plekhouer by die teks *How would you describe your welcome at the Centre?* met 'n *Legacy Drop-Down*-veld. Die volgende items moet in die aftreklys wees:
 - Hostile
 - Neutral
 - Warm
- Beperk redigering van die dokument sodat net die invul van die vorm (*filling in forms*) moontlik sal wees. MOENIE 'n wagwoord byvoeg NIE.
- Stoor en maak die dokument toe. (5)

[10]

Vraag 4

4.1 *Die Sentrum benodig hulp om die slange-databasis aan te pas.*

Maak die databasis **4_SnakeDBase** oop en verander die ontwerp van die tabel **SnakeInf** soos volg:

- 4.1.1 Voeg 'n AutoNumber-veld, genaamd **ID**, as die eerste veld in die tabel in. Maak hierdie veld die primêre sleutel. (3)
- 4.1.2 Maak dit verpligtend vir die gebruiker om 'n waarde vir die veld **NameEng** in te tik wanneer 'n nuwe rekord geskep word. (1)
- 4.1.3 Verander die grootte van die veld **Family** na 'n meer geskikte waarde. Let daarop dat geen familie-naam van enige slang langer as 20 karakters is nie. (1)
- 4.1.4 Die veld **ToxCODE** bevat 'n ses-syfer kode wat die sentrum gebruik om slange volgens die vlakke van giftigheid of toksisiteit te rangskik. Skep 'n toevoermasker (*input mask*) wat gebruikers sal dwing om data vir hierdie veld in die volgende formaat in te tik:
- Drie hoofletters (almal verpligtend), gevolg deur
 - Drie syfers (almal verpligtend) (3)
- 4.1.5 Skep 'n valideringsreël vir die veld **LengthMax** om seker te maak dat slegs waardes van 0.1 m tot 7 m aanvaar sal word. 'n Gepaste boodskap moet vertoon word indien die gebruiker probeer om 'n waarde in te tik wat buite die gebied wat gespesifiseer is val. (2)
- 4.1.6 Vee die tabel se enkele rekord (slangnaam = *Testname*) uit. Voer dan die inhoud van die sigblad **4_ImportSnakes**, wat jy in jou eksamen-lêergids sal vind, na die tabel toe in. (3)

Maak die databasis toe.

4.2 Die Dierereddingsentrum hou 'n databasis van vrywilligers in stand om die skofwerk te beplan en om hulle met hulle maandelikse begroting te help.

Maak die databasis **4_RescueCentre** oop. Gebruik die **PupilData**-tabel om die volgende te doen:

4.2.1 Skep 'n navraag soos volg:

- Vertoon slegs die velde *FirstName*, *Surname*, *CellNo* en *School*.
- Sluit net die rekords in van vrywilligers in grade 11 en 12 wat beskikbaar is om op 'n Saterdag te werk.
- Stoor die navraag as **WeekendWork**. (4)

4.2.2 Maak die bestaande navraag **MonthsWorked** oop.

- Skep 'n nuwe berekende veld, genaamd **Months**.
Dit moet wys hoeveel maande elke leerder gewerk het, vandat 'n leerder begin het, tot by die huidige datum.
- Gebruik die *Round*-funksie om die getal af te rond om geen desimale plekke te vertoon nie.
- *Let op:* Vir hierdie berekening mag jy aanneem dat daar 30 dae in elke maand is. (5)

4.2.3 Maak die navraag **Earnings** oop. Skep 'n nuwe, berekende veld, genaamd **Wages**, om die totale bedrag wat elke vrywilliger volgens die volgende skema verdien, sal vertoon:

Elke vrywilliger ontvang 'n basiese bedrag, wat as $BasicRate \times Shifts$ bereken word. 'n Bykomende bedrag van R15 word bygevoeg indien die vrywilliger die noodhulpkursus voltooi het.

Formateer die berekende bedrag as 'n geldeenheid (*Currency*).

Wenk: 'n Yes/No-veld wat gekies is het 'n waarde van -1 wanneer dit in 'n berekening gebruik word, en as dit nie gekies is nie het dit 'n waarde van 0. (6)

4.2.4 Maak die vorm **Volunteer** oop en verander dit soos volg:

- Plaas 'n blou raam rondom al die velde in die *Detail*-afdeling.
- Vervang die *Interest*-tekshokkie met 'n *combo box* wat die vyf dierebelange waarvoor voorsiening gemaak is (*Reptiles*, *Domestic*, *Farmyard*, *Wild*, *Birds*), bevat. (4)

4.2.5 Maak die verslag **DangerReport** (wat op die navraag *DangerPay* gebaseer is) oop. Hierdie verslag lys al die vrywilligers wat met potensieel gevaarlike diere, in die *Reptiles*- of *Wild*-kategorieë, werk. Pas dit soos volg aan:

- Gebruik groepering om vrywilligers wat met reptiele werk, afsonderlik te lys van die wat met wilde diere werk.
- Hierdie vrywilligers ontvang elk 'n eenmalige gevaar-toelaag van R20. Die totale bedrag waarvoor die sentrum vir gevaartoelae moet begroot moet onderaan die verslag verskyn, tesame met 'n beskrywende etiket. (4)

4.2.6 Die aantal skofte wat 'n vrywiller per maand by die Sentrum werk, is in die veld *Shifts* gestoor. Elke leerder ontvang R30 per skof (*Shifts*).

'n Winkel het ingestem om *vir elke deelnemende skool* 'n bedrag te skenk. Hierdie bedrag is gelyk aan *45% van die totale bedrag deur hul leerders verdien* vir die skofte of *Shifts* (en geen ander toelae nie) wat hulle hierdie maand by die Sentrum gewerk het.

Skep 'n verslag **Donations**, gebaseer op die tabel **PupilData**, wat slegs die velde *Firstname*, *Surname*, *Grade*, *School* en *Shifts* bevat.

- Groepeer die rekords volgens *School* EN sorteer dit dan in elke groep, eers volgens *Grade* en dan volgens *Surname*.
- Bereken en vertoon die bedrag wat aan elke skool geskenk word onderaan elke groep. Verskaf 'n toepaslike etiket.
- Verwyder die huidige datum wat onderaan elke bladsy vertoon. (10)

Maak die databasis toe.

[46]

Vraag 5

'n Vrywilliger het 'n basiese webtuiste geskep om die besonderhede van verskeie slang- en reptielkursusse wat by die sentrum aangebied word, te adverteer. Daar moet egter 'n paar veranderinge en verbeteringe aangebring word voordat die webtuiste op die Internet gepubliseer kan word.

Maak die dokument **5_WebsiteHome** in jou HTML redigeerprogram (*Notepad*) oop en doen die volgende:

5.1 Verander die kleur van die opskrif (*heading*) "Reptile and Snake Courses" na rooi. (1)

5.2 Vind die tabel onder die opskrif **Presenter**.

5.2.1 Die teks wat met "A total of seventy-eight learners ..." begin is gesentreerd in die sel.

Verander die inlynstelling van die teks in hierdie sel sodat dit linksinlyn is. (1)

5.2.2 Vind die URL: <http://www.johanmarais.co.za> aan die einde van hierdie gedeelte.

Verander hierdie teks na 'n hiperskakel (*hyperlink*) wat die gebruiker sal toelaat om na hierdie webtuiste te beweeg. (3)

5.2.3 Verwyder die rame van die tabel. (1)

Bogenoemde tabel moet nou min of meer soos volg lyk:

A total of seventy-eight learners from our school and our neighbouring schools will attend different courses presented by Johan Marais. His interest in snakes started at the early age of about 8, when he used to come across snakes on farms in the vicinity of Montclair. He was inspired by friends to learn more about reptiles. One thing led to another, up to the point where he has now become an internationally recognised herpetologist and author of numerous books on snakes and reptiles in Southern Africa. He offers a variety of courses on snakes, and naturally he loves sharing his experiences about these fascinating creatures in his wonderful series of books. Visit his website at <http://www.johanmarais.co.za>



Johan Marais

5.3 Vind die tabel onder die opskrif **Course Details**.

5.3.1 Verander die wydte van die tabel, sodat dit 70% van die venster in jou webblaaier (*browser*) beslaan. (1)

5.3.2 Voeg 'n ekstra ry aan die onderkant van die tabel in en voeg die volgende kursusbesonderhede daarby: (2)

Course Name	Date	Duration	Cost
Snake Handling	12 July	2 hrs	R550

5.4 Vind die tabel onder die opskrif **On a Previous Course...**

5.4.1 Vervang die teks "(Insert image)" met die prentjie **BrandonVisser.jpg** wat jy in jou eksamenlêergids sal kry. (3)

5.4.2 Vind die teks "Forest Cobra" onder die opskrif **On a Previous Course...**
Maak dit vetdruk. (1)

Stoor en maak die dokument **5_WebsiteHome** toe.

Maak die dokument **5_WebsiteContent** in jou HTML redigeerprogram oop en doen die volgende:

5.5 Vind die genommerde lys onder die opskrif **Content of Courses**.
Verander die genommerde lys na 'n *bullet*-lys. (1)

5.6 Vind die teks "(Paste text here)" onder die opskrif **First Aid (that could save your life!)**.
Vervang hierdie teks met al die teks in die lêer **5_FirstAid.txt** wat jy in jou eksamenlêergids sal kry. (2)

5.7 Die hiperskakel aan die onderkant van die bladsy, "Click here to return to the Home Page", werk nie korrek nie.
Maak die fout reg sodat die hiperskakel die gebruiker terug na die tuisblad sal neem. (1)

Stoor en maak die dokument **5_WebsiteContent** toe.

[17]

TOTAAL : 180

HTML-tags

Strukturele / Basiese tags	
<body> </body>	Definieer die <i>body</i> van die webblad
<body bgcolor="pink">	Stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die <i>body text</i>
<head> </head>	Bevat inligting oor dokument
<html> </html>	Begin en eindig 'n webblad
<title> </title>	Definieer 'n titel vir die dokument
<!-- -->	Kommentaar
Formaterings-tags	
<p></p>	Skep 'n nuwe paragraaf
<p align="left">	Stel 'n paragraaf inlyn na links (<i>default</i>), kan ook na regs of gesentreer wees
 	Voeg 'n reëlonderbreking in
	Skep 'n genommerde lys
	Skep 'n <i>bullet</i> -lys
	Ingevoeg voor elke item van lys, en voeg 'n nommer of simbool by afhangend van die tipe lys wat geselekteer is
Teks-tags	
<h1></h1>	Skep die grootste opskrif
<h6></h6>	Skep die kleinste opskrif
	Skep <i>bold</i> teks
<i></i>	Skep <i>italic</i> teks
 	Stel grootte van font, van 1 tot 7
 	Stel fontkleur
 	Stel fonttipe
Grafika-tags	
	Voeg 'n prentjie (<i>image</i>) by
	Stel prentjie inlyn: links, regs, gesentreer; onder, bo, middel
	Stel wydte van raam rondom 'n prentjie
	Stel die hoogte en wydte van 'n prentjie
	Vertoon alternatiewe teks as muismerker op prentjie rus
<hr/>	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3"/>	Stel grootte (hoogte) van lyn
<hr width="80%"/>	Stel wydte van lyn, as persentasie of absolute waarde
<hr color="Red"/>	Stel die kleur van die lyn

Links Tags	
<code> link text </code>	Skep 'n hiperskakel wat die <i>link text</i> vertoon
<code> </code>	Skep 'n prentjie-skakel
<code> </code>	Skep 'n teikenposisie
<code> </code>	Koppel na 'n teikenposisie wat elders in die dokument geskep is
Tabel-tags	
<code><table></table></code>	Skep 'n tabel
<code><tr></tr></code>	Skep 'n ry in 'n tabel
<code><td></td></code>	Skep 'n sel in 'n tabel
<code><th></th></code>	Skep 'n tabel- <i>header</i> ("n sel met gewone <i>bold</i> , gesentreerde teks)
<code><table border="1"></code>	Stel die wydte van die raam (<i>border</i>) om die tabel
<code><table cellspacing="1"></code>	Stel die spasie tussen die tabel se selle
<code><table cellpadding="1"></code>	Stel die spasie tussen 'n sel se raam en die inhoud van die sel
<code><table width="50%"></code>	Stel die wydte van 'n tabel, as persentasie of absolute waarde
<code><tr align="left"></code>	Stel inlynstelling van sel(le) (links, kan ook gesentreerd of regs wees)
<code><tr valign="top"></code>	Stel vertikale inlynstelling vir sel(le) (bo, ook middel of onder)
<code><td colspan="2"></code>	Stel aantal kolomme wat 'n sel moet strek
<code><td rowspan="4"></code>	Stel aantal rye wat 'n sel moet strek